

# Geloofsgelofte-Offers
(GGO)

MY VADER WORD JUIS DAARDEUR VERHEERLIK DAT JULLE BAIE VRUGTE DRA EN MY DISSIPELS IS.

Johannes 15:8

durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers

# Johannes 15:7 & 8



7 "As julle in *My bly* en
my woorde in julle, *vra*
dan net wat julle wil
hê, en julle sal dit kry.

8 *My Vader* word juis
daardeur
verheerlik dat julle baie
vrugte dra en my
dissipels is."

# Inhoudsopgawe


**Wat behels Geloofsgelofte-offers?** 01

**Uitreik Bedieninge**

Welgegund Gemeenskap 03
Spes Bona Geloofsgemeenskap 04

**Vennootskappe - Op ons voorstoep**

Attie van Wyk Laerskool 05
House of Grace 06
Betesda 07
Durbanville Beskermingsdienste 08
Love Unveiled 09
Magdalenahuis Beradingsentrum 10
Durbanville Kinderhuis 11
Sentrum van Hoop - MES Kaapstad 12
Fisantekraal Centre for Development (FCD) 14
Huis Aristea 16
Vinkel & Koljander Mark 17
The World Needs a Father 18
Loeriesfontein: NGK & VGK 19
Msinga: VGK 20

**Vennootskappe - Oor grense heen**

Mosambiek: Evangelisasie 22
Mosambiek: Makwe - André en Anna-Marie Thiart 23
Duitsland: Operasie Mobilisasie – Menges-gesin 24
Oekraïne: Volodya Brychuk 25
Oekraïne: The House of Prayer to all Nations 26
Thailand: (Frontida) – André en Marina Olivier 27
INcontext International 28

**My Verbintenis** 29

# Wat behels Geloofsgelofte-Offers?

## Durbanville-Bergsig strewe daarna om haar visie en missie, asook haar waardes, soos hieronder uiteengesit, met 'n passie uit te leef, nl.



### Visie

**Bergsig verheerlik Jesus Christus, die Lig vir die wêreld.**

### Missie

**Ons is Sy ligdraers wat:**
Eensgesind is in geloof en aanbidding;
In liefde omsien na die welsyn van ons naaste;
Volhard in die uitdra van die evangelie van hoop.

### Waardes

**Dankbaarheid, Diens, Deernis en Respek.**

Om dit te kan uitleef, is dit nodig dat Bergsig se lidmate hulleself beskikbaar stel om deur Jesus Christus gebruik te word as sy verteenwoordigers en ligdraers oor alle bedieninge in Sy kerk en Koninkryk. Christus wil ons gebruik as Sy hande en voete en as lampe, waardeur Hy wil skyn in 'n donker wêreld, om Sy lig te versprei.

Om uitreik-aksies, wat praktiese naasteliefde en die uitdra van die evangelie verteenwoordig in Sy Koninkryk, te ondersteun is beskikbare, gewillige, toegeruste, diensbare mense sowel as finansies nodig. Albei hierdie hulpbronne word deur Christus op unieke wyse voorsien.

Bergsig se lidmate is bevoorreg om hande te kan vat en by 'n breë spektrum van geregistreerde uitreik vennootskappe te kan inskakel en dit met hul tyd en finansies te ondersteun. Die gemeente ondersteun vennootskappe "Op ons voorstoep" en verder "Oor grense heen". Hierdie GGO-brosjure stel u bekend aan die huidige reeks Bergsig uitreik vennootskappe wat finansiële steun benodig ...

... Finansies word op verskillende maniere voorsien. Bergsig het meer as 25 jaar gelede gekies om die geloofsgelofte-offer-metode te vestig as die primêre finansiële ondersteunings- en finansieringswyse van die gemeente se uitreik vennootskappe. Geloofsgelofte-offers (GGO-donasies) is 'n bedrag wat God se kinders aan Hom beloof, bo en behalwe hul normale dankoffer. Hulle betaal die GGO-donasie maandeliks, of by wyse van 'n eenmalige jaarlikse bydrae, as 'n geloofsgelofte-offer. God wil hê dat ons in geloof 'n bedrag aan Hom beloof en Hom dan vertrou om dit vir ons te skenk. Ons belowe en verbind ons in geloof daartoe nog voordat ons daaroor beskik en vertrou God om dit dubbeld en dwars te voorsien uit Sy skatkamers. Hierdie fondse word dan aangewend oor 'n wye verskeidenheid vennootskappe waardeur ons help om 'n verskil te maak in die welsyn van ons naaste en die uitdra van die evangelie van hoop.

Bergsig se lidmate het al sedert 1997 die geleentheid om bydraes by wyse van geloofsgelofte-offers te maak. Ons loof die Here vir die totale geloofsgeloftebedrag wat jaarliks bygedra word sedert die instelling daarvan. Ons gebed is dat die donateurs wat reeds jaarliks deelneem met die bydra van hulle geloofsgelofte-offers, daarmee sal voortgaan omdat hulle eerstehands ervaar het hoe God mildelik voorsien en getrou aan ons bly. Ons vertrou dat God ook elke jaar nuwe geloofsgelofte-offerdonateurs sal byvoeg. Daardeur bewys ons dat ons Hom vertrou en verheerlik nog voordat ons oor die fondse beskik.

Indien u dit moeilik vind om die belofte van so 'n geloofsgelofte-offer aan God te maak – begin klein – beloof en gee 'n relatief klein eenmalige of maandelikse bedrag en vertrou God om dit selfs veelvuldig aan u terug te gee. Vermeerder dan jaarliks hierdie geloofsgelofte-offer soos u Hom vertrou, in geloof, om dít en selfs meer te voorsien. Hy sal vir u geloofsgroei laat ervaar terwyl u uself tot Sy diens stel. Moenie huiwer omdat u mag dink dat 'n klein bedraggie nie eintlik 'n verskil sal maak nie. Elke rand maak 'n verskil in God se koninkryk. Dié God wat die twee vissies en vyf broodjies vermenigvuldig het, wil ook dit wat ons vir Hom gee, vermenigvuldig. Kom wees deel daarvan en ervaar God se seën!

Lees gerus verder oor die wye verskeidenheid uitreik vennootskappe wat deur Durbanville-Bergsig finansieel ondersteun word. Bestudeer dit biddend en laat God u lei en oortuig met hoeveel en waartoe Hy wil hê u uself moet verbind en bydra.

# Welgegund *Gemeenskap*

**Uitreik Bedieninge**

**Bedieningsleier:** **Peter Montgomery**
084 299 6697
ptmontgomery2304@gmail.com



**Welgegund plaas is geleë 12 km buite Durbanville op die Adderley pad. Van Durbanville-Bergsig gemeente se lidmate woon en werk op die plaas. As deel van die NGK se missionale visie en inisiatief om geloofsgemeenskappe te ontwikkel, reik ons uit na hierdie lidmate en ander werknemers op Welgegund.**

Vrywillige lidmate van Durbanville-Bergsig gemeente help met die Woord-verkondiging Sondagoggende. Daarbenewens help lidmate van die gemeente ook met die aanbied van Sondagskool lesse vir die skoolkinders. Lidmate by Welgegund word ook uitgenooi om in te skakel by Durbanville-Bergsig se kerkkalender geleenthede.

Daar bestaan 'n deurlopende behoefte aan meer vrywilligers om aan te sluit by die bediening. Mede-Christene kan help om 'n verskil te maak in die groter geloofsgemeenskap en help bou aan God se Koninkryk op aarde.

Durbanville-Bergsig lidmate is ook welkom om Eredienste by te woon op Sondagoggende om 09h00 op Welgegund. Kom wees deel van die gemeenskap van die gelowiges en ervaar kerkwees op die plaas.



# Spes Bona Kerk/Geloofsgemeenskap

**Uitreik Bedieninge**

**Bedieningsleier:** **Ds. Nelda Rousseau**
083 235 1400
neldarou@gmail.com



**Spes Bona Geloofsgemeenskap is 'n kerkplantingsinisiatief wat in 2017 tot stand gekom het, met die bediening van Sondagskool vir kinders en het sedertdien gegroei tot 'n volwaardige gemeente met sy eie lidmate en diensleraar.**

Die doel van Spes Bona Geloofsgemeenskap is om navolgers van Christus te wees, verhoudinge te bou, ons naaste met liefde en respek te hanteer en 'n verskil in die lewens van ander en ons omgewing te maak.

Die gemeenskap geniet 'n gesamentlike maaltyd een keer per maand na 'n erediens, waartydens ons ontspanne en positiewe interaksie met mekaar en besoekers opbou. Daarom nooi ons almal wat hier lees ook uit om ons te kom besoek en saam met ons 'n maaltyd te geniet.

Gedurende hierdie maaltye word die behoeftes en nood in die gemeenskap gedeel waaraan ons aktief probeer werk om 'n verskil te maak en die gemeenskap se behoeftes aan te pak.

Befondsing vir leierskapkursusse, vrouekampe en jeugaksies, sowel as vakansieprogramme om kinders te ondersteun, word altyd benodig.

Kontak asseblief vir Ds. Nelda indien jy betrokke wil raak of net om ons te kom besoek op 'n Sondag by ons erediens om 10:00.





# Attie van Wyk *Laerskool*

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:**

**Martin Janse van Vuuren**
084 526 3557

martinjvv12@gmail.com



**Die Attie van Wyk Laerskool is 'n landelike skool geleë net buite Durbanville op die M58 (Koebergweg), ongeveer 1km anderkant Diemersdal Wynlandgoed.**

Die skool het tans sowat 300 leerders vanaf Graad R tot Graad 7 en sowat 20 personeellede (onderwysers en administratiewe personeel).

Bergsig het 'n lang verbintenis met Attie van Wyk en het al op verskeie maniere die skool ondersteun.

Vrywilligers kan betrokke raak by voorbidding vir die skool, geestelike programme by die skool, groot groepbyeenkomste, vakansieprogramme, fondsinsamelingsinisiatiewe of, selfs instandhoudingswerk op die skoolterrein.

Finansies bly in enige skoolomgewing voortdurend 'n uitdaging en ons vertrou die Here om vir Attie van Wyk te voorsien.

Ons werk voortdurend nou saam met die skoolhoof en personeel en maak seker dat ons hul behoeftes verstaan en hulle effektief ondersteun. Ons nooi u uit om betrokke te raak by Attie van Wyk en deel te neem aan die uitdra van God se liefde in ons omgewing.



# House of *Grace*

**Op Ons Voorstoep**

**Projek koördineerder:**

**Leonette Burger**
082 440 5662

pietieburger@outlook.com



**Elke kind maak saak. Ons kan nie die verlede verander nie, maar saam kan ons help om die toekoms met hoop te bou.**

Sedert 2008 is ons gemeente betrokke by House of Grace wat 'n huis van veiligheid is waar kinders in 'n liefdevolle, stabiele gesingsomgewing versorg word.

'n Deel van die fondse wat deur ons Geloofsgelofte-offers (GGO) ingesamel word, word aangewend om die daaglikse uitgawes gedeeltelik te help dek. Deur hierdie ondersteuning kan ons saam 'n verskil maak in die lewens van kinders wat 'n tweede kans nodig het.

Tans woon 4 kleuters, 7 skoolgaande kinders en 6 volwassenes in die huis. Dit is 'n huis waar elke kind behoort, aanvaar word en die geleentheid kry om met waardigheid en liefde groot te word.

Die vrug van hierdie toegewyde versorging is duidelik sigbaar. Ses kinders het matriek voltooi, 'n besonderse prestasie wat getuig van die huismoeder se liefde en deursettingsvermoë en onbaatsugtelike sorg.  Elke kind word aangemoedig om sy of haar volle potensiaal te bereik en met hoop na die toekoms te kyk.

Ons is dankbaar dat ons gemeente deel kan wees van hierdie mooi verhaal. Elke GGO-bydrae help om maaltye, skoolbenodighede en die daaglikse versorging van hierdie kinders moontlik te maak.

**Baie dankie aan elke lidmaat wat deur gebed, belangstelling en GGO offers help om House of Grace 'n plek van liefde, hoop en nuwe geleenthede te maak.**

# Betesda

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:** **Hans Human** hansjhuman@gmail.com



## Die Betesda projek reik uit na persone in ons gemeenskap met een of ander beperking/gestremdheid.

Hierdie beperking kan fisies, emosioneel, intellektueel, geestelik of omstandighede wees. Finansiële hulp word verleen om 'n onmiddelike probleem op te los.

Deur hierdie persone se omstandighede en behoeftes te verstaan, is dit moontlik om Jesus se hande en voete te wees vir hulle.

Bykomende fondse vir die projek word verkry deur boekverkopings by die kerk en aanlyn.





# Durbanville *Beskermingsdienste*

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:**

**Ilze Lammers**
076 673 8646

ilze.lammers@gmail.com



**Bergsig-gemeente is alreeds vir etlike jare betrokke by die Beskermingsdienste in Durbanville waarvan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in Durbanville deel vorm.**

Met spesiale geleenthede word daar aflewerings gemaak by die beskermingsdienste in Durbanville.

Sedert 2011 word daar verder ook gereeld 'n vrouedag vir die SAPD-dames gehou. Die bywoning van hierdie geleentheid is baie goed.

Hierdie tipe inisiatiewe versterk die verhouding tussen Bergsig lidmate en die Beskermingsdienste van Durbanville. Dit ondersteun hul in hul taak en skep 'n gevoel van gemeenskap.

Tydens spesiale geleenthede, soos algemene verkiesings, reik hierdie projek ook uit na beskermingsdienste aan diens met die uitdeel van broodjies om hulle dienslewering gedurende langer as normale diensure 'n bietjie makliker te maak. Die behoefte van hierdie projek is finansiële ondersteuning om die betrokke aksies te kan befonds.















# Love *Unveiled*

**Op Ons Voorstoep**

## Bergsig Koördineerder:

**André van der Westhuizen**
074 330 4431
andre.addnet@gmail.com

**Almo Bouwer**
082 774 1797
almo@ebouwerandson.co.za



**By Love Unveiled poog ons om die sluier te lig in gemeenskappe wat die Liefde en Verlossing van Jesus Christus nie ken nie. Vennootskappe word aangegaan met strategies geplaasde organisasies en individue.**

Nuwe gelowiges word begelei en ondersteun en veilige behuising word verskaf  indien nodig.

Gebed vorm 'n integrale deel van hierdie bediening. Bid gereeld sodat mense Jesus Christus as hul Verlosser sal ontmoet en wees beskikbaar om die liefde van Christus te deel.



# Magdalenahuis *Beradingsentrum*

**Op Ons Voorstoep**

**Koördineerder:** **Eileen Pienaar**
082 783 0666
eileen@grein.co.za



## Magdalenahuis het op 10 Oktober 2026 gaan Magdalenahuis haar 124ste bestaanjaar vier.

Vele weerlose swanger vroue in nood het deur al die jare bystand, ondersteuning en berading ontvang. Met soveel jare se kundigheid en ervaring slaag Magdalenahuis inderdaad steeds daarin om "met liefde ander te help," om die emosionele en geestelike leegheid in vele lewens te help vul en letsels effektief te heel. Wat 'n voorreg engeleentheid om midde-in mense se swaarkry daar te wees om hulle te kan dra en ondersteun.

Hierdie program van Badisa vat vroue in krisissituasies se hande en leer hulle om te vlieg! JM Barrie sê: "The reason birds can fly and we can't is simply that they have faith, for to have faith is to have wings." Magdalenahuis se program beoog baie méér, naamlik om vroue in die lug te hou en te laat sweef. Magdalenahuis is oortuig dat niemand bestem is om deur die lewe oorweldig te word en tou op te gooi nie en daarom word alle beskikbare metodes aangewend om mense hoop te laat skep en liefde te laat ervaar.

Magdalenahuis se program dra by dat verskeie babas en kinders se lewens ingrypend verander is en word; mammas is gehelp om ingeligte besluite oor hul kinders te neem; daar is kinderlose ouers wat die vreugde kon smaak van 'n aanneembaba; aangenome persone is met hul biologiese ouers en families herenig; gemeenskappe word ingelig oor intimiteit en volwasse keuses rondom seksualiteit.

In September 2014 neem Magdalenahuis dan ook die geloofstap om weens die oorweldigende nood en behoefte aan hulp, die inwoningskomponent om te skakel na 'n ondersteunings/ontwikkelingsprogram in hoërisiko- gemeenskappe. Die Isiqalo Program (New Beginnings) fokus steeds daarop om weerlose swanger vroue en hul ongebore babas in nood by te staan en te ondersteun. Met dieselfde visie "Uit liefde help ons heelmaak" onderskryf hul die filosofie van die Eerste Duisend Dae, met die uitkoms dat gesonde kinders lei tot 'n gesonde samelewing.

Magdalenahuis Beradingsentrum is oortuig dat die geheim van die lewe is om aan te hou glo en volhardend te hoop. En dit kan net effektief gebeur waar liefde onvoorwaardelik uitgedeel word. Magdalenahuis bly droom van mense se doodlope wat omskep word in snelweë, van kliënte wie se gebrokenheid en verliese omgekeer word omdat die Here-van-Hoop en die Here-van-Liefde wonders doen en mense met verbasing laat oor die ongekende herstel en genesing wat Hy te midde van moeilike omstandighede bewerk.

Spesiale dank aan Bergsig-gemeente wat ook met hul deurlopende finansiële bystand Magdalenahuis in staat stel om volhoubaar 'n verskil te maak in die lewens van weerlose swanger vroue, kinderlose egpare, asook babas en kinders.

# Durbanville *Kinderhuis*

**Op Ons Voorstoep**

**Koördineerder:** **Johanna Strauss**
021 975 6822
jstrauss@dchome.org.za



## Die Durbanville Kinderhuis (DK), dateer terug na 1883 en is een van die oudste kinderhuise in Suid-Afrika.

As gevind word dat kinders dringend sorg in 'n veilige omgewing benodig, word hulle by ons in die Kinderhuis geplaas – die kinders word almal met 'n hofbevel ingevolge die Wet op Kindersorg verwyder.

Die DK se hooffokus is die sorg, ontwikkeling en rehabilitasie van 144 emosioneel getraumatiseerde kinders deur middel van 'n proses van ingryping en om die kinders met hul families te herenig indien dit moontlik is.

Die DK wil graag hande vat met Bergsig-gemeentelede en so saam verseker dat elke kind 'n gelyke kans gegun word om sy of haar volle potensiaal te bereik.

Die DK benodig vrywilligers wat die kinders met hulle skoolwerk kan help en hulle ook as mentors by te staan.

Deur te kom verf of huisraad te skenk, kan die DK gehelp word om areas te skep wat die kinders sal inspireer om eendag 'n beter lewe vir hulle gesinne te skep.

Die DK verwelkom skenkings van tweedehandse boeke asook klere en snuisterye vir die kinders en die res sal in die DK welsynswinkel en boeke-gang verkoop word om fondse te genereer. Die Kinderhuis kan 18 A-sertifikate uitreik vir skenkings.  Besighede word genooi om in die DK projekte te belê.

Die DK borg-'n-kind-projek bied aan omgee-individue en besighede die geleentheid om teen R100 per maand in 'n spesifieke kind se ontwikkeling te belê.  U sal terugvoer ontvang van die vordering van die kind wat u borg en so 'n belangrike bydrae tot 'n kind se lewe maak.

In 2025 het ons gemeente die voorreg gehad om huisie no. 12 volledig oor te doen met 'n deurlopende sokker tema om die seuns wat daar woon te bederf. Nodige herstelwerk is gedoen en die huisie is meer funksioneel ingerig. Die vreugde van die kinders is so groot beloning.

# Sentrum van Hoop
## - MES Durbanville

**Op Ons Voorstoep**

**Koördineerder:** **Anelle Erasmus**
076 812 8277
cptfundraising@mes.org.za



**Die Hulp en Hoop-projek is 'n gemeenskapsprojek, en dit word aangepak in vennootskap met MES, plaaslike gemeentes, besighede en ook die plaaslike buurtwag.**

Haweloses se probleme soos drank- en/of dwelmverslawing word getakel. Daar word gepoog om hul weer op te hef om hul plek in die gemeenskap in te neem.

**Hierdie projek behels en volg die volgende siklus:**
'Durbanville MES Homeless Support Centre:' Ses gemeentes, nl. NG Durbanville ("Moedergemeente"), Durbanville-Bergsig, Baptiste, Metodiste, Presbeteriane en die Katolieke verskaf weekliks melk en vrugte gedurende die somermaande en sop gedurende die wintermaande. Die lokaal by 37 Queen Street, wat op die oomblik gebruik word, is deur die stad Kaapstad vir die volgende 10 jaar aan MES beskikbaar gestel.

**Ander aanverwante dienste:** 'n Koeponstelsel is geïmplementeer. Die publiek kan 'n 'Mi-Change' boekie met 4 koepons teen R50 by hul plaaslike gemeente en sommige besighede soos SPAR aankoop. Besoek gerus www.michange.org om meer hieroor te lees. Die koepon kan dan aan die straatpersoon gegee word in plaas van geld. Die koepon gee die persoon toegang tot 'n gebalanseerde maaltyd, stort, nag skuiling of klere! Geen geld is nodig op straat nie!

MES volg 'n vier fase benadering naamlik Uitreik en Verligting, Verander Gereedheid, Werkgereedheid en Herintegrasie.





**Uitreik en verligting**
Toegang tot ondersteuningsdienste.
Sosiale verligting uitreike.
Risiko-assesserings. Verwysings na ontwikkelingspaaie.

**Werkgereedheid**
Ervaringswerkopleiding.
Die ontwikkeling van belangrike kernvaardighede vir werkloses om die arbeidsmark te betree.

**Verander gereedheid**
Psigososiale ondersteuning.
Verslawing en rehabilitasie ondersteuning gekoppel aan toepaslike akkommodasie.

**Herintegrasie**
Indiensneming en onafhanklike lewe sonder beperkings van verslawende patrone.
Vaardigheidsontwikkeling.
Ondersteuningstruktuur met inkomstebron

## Nuut by MES!

Ons eie Durbanville skuiling! Hier akkommodeer ons 18 mans en 12 vroue. Voorkeur word aan die MES Programgangers gegee en daarna aan die ander in die ry. Die MES 'Safe Space' is sewe dae 'n week oop en registrasie begin om 16h00. Die 'Safe Space' is by die Durbanville 'Taxi Rank'. Persone kan toegang verkry deur een 'Mi-Change Voucher' of R10 te gee. Alle gaste moet binne die eerste drie dae van hulle verblyf die Maatskaplike werker sien. Daar is ook soms 'n uitreik geleentheid vir kerk groepe om daar te bedien, gesels, of kos te verskaf.

## Hoe kan jy betrokke raak by MES:

Hulle het dertien 'Be More WhatsApp' groepies. Jy kan kies waar jy op 'n baie informele manier en net wanneer dit jou pas, betrokke kan raak. Kontak gerus vir Anelle Erasmus om meer oor die groepies uit te vind!

Dit is belangrik om nie aan straatmense wat bedel, geld te gee nie, maar dit liewer vir die projek by Bergsig te skenk vir verantwoordelike aanwending daarvan."



# Fisantekraal Centre for *Development (FCD)*

**Op Ons Voorstoep met opleidings sentrums in Durbanville and Fisantekraal.**

**Koördineerder:** **Jane Gelderman**
083 805 7042
director@fisantekraal.org.za



**FCD is 'n, nie-winsgewende vaardigheids opleidingsentrum in Durbanville en Fisantekraal. Sedert 2010 herstel hulle hoop en waardigheid by werklose mense en spesifiek kwesbare gemeenskappe van regoor die Kaapse metropool.**

Hulle het 'n holistiese benadering om sodoende nie net die ekonomiese welstand maar ook die emosionele en geestelike welstand van mense te verbeter.

Fisantekraal is 'n gemeenskap in groot nood op die drumpel van Durbanville. Hierdie gemeenskap verteenwoordig 'n vinnig groeiende gebied waar grootskaalse armoede, werkloosheid, onvoldoende behuising, gebrek aan kundigheid en beperkte dienste aan die gemeenskap, aangetref word.

Vir elke werklose persoon in Suid-Afrika wat werk kry, is daar tot 7 ander mense wat op dié inkomste staat maak.

Dit is veral jong volwassenes wat baat vind by FCD se programme aangesien die werkloosheidskoers van jongmense tussen 18 en 35 so hoog as 60% is.

NGK Durbanville-Bergsig het uit die staanspoor 'n belangrike rol gespeel in die gemeenskapsprojek wat as FCD ontstaan het. Vanaf 2007 het 'n groepie belangstellende lede met verteenwoordigers van verskeie Durbanville kerke besin oor die mees sinvolle benadering vir betrokkenheid in Fisantekraal. Die doel was dat al hoe meer kerke van Durbanville, plaaslike besighede en ander instansies mettertyd sal hande vat en hulle pogings saamsnoer om via hierdie gemeenskapsprojek 'n positiewe verskil in Fisantekraal te maak. FCD het toe in 2010 'n vaardigheidsontwikkeling-sentrum in Durbanville opgerig en in 2022 n 2de sentrum in Fisantekraal tot stand gebring.

'n Totaal van 13 vaardigheids kursusse word tans aangebied. Die programme poog om menswaardigheid te herstel en die selfbeeld van kursusgangers te ontwikkel.

Vaardigheids Kursusse sluit in: Job Readiness, Admin & Call Centre Basics, Frail Care, Hospitality&Housekeeping, Childcare, Construction Basics, Craft for Profit, Barista, Bake for Profit, Sew for Profit, Trade for Profit, Beauty&Nails en English with Confidence".
Lewensvaardighede en die evangelie word ingesluit in al die kursusse. Hierdie kursusse sluit almal praktiese werkservaring in en is 'n manier om werksetiek, waardes en die regteingesteldheid te ontwikkel wat nodig is in die werkplek en wat mense in staat sal stel om ekonomies aktief te word en te bly.

Plaaslike besighede en vrywilligers speel 'n baie belangrike rol om die organisasie te versterk en op so 'n wyse ook die impak te vergroot.

Ons is dankbaar dat ons in die 2025/26 finansiële jaar sowat 463 werkloses en dus families deur ons dienste kon ondersteun.
Nagenoeg 86% studente (8 uit elke 10) het ekonomies aktief geraak gedurende die oorsigjaar, na voltooiing van hul opleiding by FCD.

Die oogmerk van die sentrum is om voortdurend addisionele vennootskappe te sluit met plaaslike besighede wat kan help met "job shadows" asook werksgeleenthede, mentorskap en befondsing.

Die huidige adresse vir FCD se sentrums is as volg:
Durbanville: Durbanville Town Centre, 48 Queen Street
Fisantekraal: 73, Silvertree Street, Greenville

NGK Durbanville-Bergsig het FCD omarm en as een van sy uitreikvennote geregistreer, waarby die steun en medewerking van belangstellende lidmate saamgesnoer word. Indien u as gemeentelid betrokke wil raak, kontak asseblief vir Jane Gelderman in dié verband by 021 975 7764 of info@fisantekraal.org.za of besoek FCD se webtuiste by www.fisantekraal.org.za.

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life



# Huis *Aristea*

**Op Ons Voorstoep**

**Koördineerder:** **Monice Brand** 021 976 3166 huisaristea@gmail.com



## Huis Aristea is 'n program van Badisa, geleë in Queenstraat Durbanville, en bied akkommodasie en sorg aan ouer persone.

Die tehuis het in 1975 sy deure geopen en was 'n volle 50 jaar oud in 2025. Weens die ouderdom van die geboue, verg dit groot instandhouding wat geweldige druk op die begroting en fondse plaas.

Die tehuis het 140 inwoners waarvan 'n klein getal selfversorgend is en die meerderheid sorg benodig in 'n kamer en/of die siekeboeg. Die gemiddelde ouderdom van die inwoners is tans 84 jaar. Drie inwoners is 97 jaar oud. 'n Geregistreerde verpleegkundige is 24 uur per dag aan diens sodat deurlopende kwaliteit en relevante sorg gelewer kan word.


'n Aantal vrywillige werkers, wat lidmate van Bergsig insluit, is betrokke by praktiese ondersteuning van die inwoners soos hulp met haarversorging, voet- en naelversorging, kreatiewe stimulasie, kultuurprogramme, vervoerdienste, ens.

Losiesgelde verteenwoordig ongeveer 88% van die totale inkomste van Huis Aristea, terwyl staatsubsidies slegs 2,5% van die totale inkomste bedra. Die balans moet verkry word uit ander kleiner bronne soos bv. donasies en fondsinsamelings.

Bergsig ondersteun ook vir Huis Aristea uit GGO-donasies waarvoor hulle baie dankbaar is. Dit word gebruik om inwoners wat slegs 'n SASSA toelaag ontvang en nie die volle losies kan bekostig nie, te subsidieer.

Huis Aristea verwelkom graag enige ondersteuning.  Lidmate is baie welkom om enige tyd die tehuis en sy inwoners te besoek.








# Vinkel & Koljander *Mark*

**Op Ons Voorstoep**

## Koördineerder:

**Edna van Tonder**
083 302 4838

ednavantonder@gmail.com



### Die Vinkel & Koljander Mark word jaarliks teen einde Mei / begin Junie oor 5 dae by Durbanville-Bergsig aangebied.

**Die primêre doel van die mark is om:**
1. Bergsig uitreike 'n geleentheid te bied om hulself aan die gemeenskap bekend te stel en ook fondse te genereer.
2. 'n Geleentheid te bied aan uitstallers, met hoofsaaklik handvervaardigde produkte, om hulle produkte bekend te stel en te verkoop.
3. Bergsig gemeentelede en die Durbanville gemeenskap bymekaar te bring.
4. Enige persoon wat die mark besoek, 'n ervaring van warmte, liefde en omgee te laat ervaar.
5. Persoonlike verhoudinge te bou, met sowel uitstallers as besoekers.

**Bergsig Uitreike trek op een van die volgende maniere voordeel uit die mark:**
1. Fondse genereer deur hulle eie produk- of kosverkope.

2. Bekendstelling deur middel van 'n bemarkingstalletjie waar die aandag gevestig word op die doel en behoeftes.

3. Uitreike betaal geen uitstalgelde nie en geen kommissie word verhaal uit verkope nie. Die kommissie wat deur uitstallers betaal word, word deur die markspan aangewend tot die voordeel van gekose uitreike, bedienings, projekte of individue.



**Mandaat van die mark:**
- ☑ Om God se Koninkryk uit te brei
- ☑ Om die gemeenskap te dien
- ☑ Om Jesus se hande en voete te wees.

**Deur:**
- ☑ Dissipelskap
- ☑ Gasvryheid
- ☑ Diensbaarheid
- ☑ Respek – vir besoekers, uitstallers en hul produkte.

**Wat is ons behoefte:**
Persone wat gewillig is om diens te doen as kassiere, in die saal, of die bediening van eetgoed.

# The World Needs a *Father*

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:**

**Juan Benson**
082 903 9344

juanbenson13@gmail.com



## Daar is twee instellings wat deur God tot stand gebring is: die GESIN en die KERK.

Beide hierdie instellings is onder erge aanslag, want die vyand weet dat indien hierdie twee instellings tot 'n val kom, die hele samelewing sal volg. Gebroke huwelike, stukkende gesinne en die teologiese verwatering van Bybelse waarhede wat in die kerk reg oor die wêreld geleer en aangehang word, is drasties aan die toeneem.

Maleagi 4:6 sê "En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie."

Hierdie is die laaste teks in die laaste boek van die Ou Testament wat vir ons wys watter premie die Here op die Gesin plaas. Die Nuwe Testament begin ook op hierdie trant. Lukas 1:17 sê: "En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here 'n toegeruste volk te berei." Maleagi wys dat die God ernstig is dat, indien die harte van die vaders (wat die moeders insluit) nie na God terugdraai nie, 'n vervloeking gaan volg.

**THE WORLD NEEDS A FATHER** is 'n beweging wat manne en hul vroue help om te verstaan hoe 'n Maleagi 4:6 en 'n Lukas 1:17 gesin in die praktyk lyk, dink en optree.

Gesonde Godvresende gesinne is voertuie wat deur die Gees van God gebruik word om die samelewing te impakteer, te transformeer en sodoende 'n atmosfeer te skep wat die seën van die Here in beweging bring. Daardie seën word ontsluit deurdat die pa, sowel as die ma wat sy helper is, onder leiding van die Heilige Gees hul "harte terugdraai na hul kinders."



# Loeriesfontein: *NGK & VGK*

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:**

**Martin (Bok) Slabber**
082 907 7195

slabber16@gmail.com



**Bergsig het 'n nood raakgesien in die Loeriesfontein distrik deur gesprekke wat gehou was met Annamaré Visser, oud uitreike-koördineerder van Bergsig.**

Daar was besluit om 'n familie uitreik te doen na Loeriesfontein en sy mense.

So het die eerste een in Julie 2023 plaasgevind.
Die doel van die uitreik was om 'n vakansie program vir die kinders aan te bied, die bejaardes te besoek, te bid vir die dorp en sy mense, verhoudings te bou en om spanlede bloot te stel aan 'n korttermyn uitreik.

Dit is 'n ideale uitreik geleentheid om as familie betrokke te raak want almal kan deelneem aan aktiwiteite as 'n gesin. Verder is die dorp geleë in 'n plattelandse omgewing waar dit veilig is vir kinders en jeug om betrokke te wees met kinderprogramme.

Daar bestaan 'n groot nood by die jong volwassenes en jeug van die NG en VG Kerke.
Die Loeriesfontein mense het baie stories en hou daarvan om hul pad met God te vertel maar soek ook bemoediging en gebed. Die distrik gaan gereeld gebuk onder droogte, en die werkloosheidsyfer is hoog.

Bergsig maak 'n verskil om deurlopend betrokke te wees in die gemeenskap, deur gebed en ondersteuning. Dit word deur groot omsigtigheid gedoen want die spanlede los "spore" en hoop vir die toekoms.








# Msinga: *VGK*

**Op Ons Voorstoep**

**Bergsig Koördineerder:**

**Ruan Viljoen**
084 733 4395

ruan.viljoen@icloud.com



## Die VGK Msinga is in 1984 gestig.

Deur die jare is die gemeente ondersteun deur verskeie NGK gemeentes in die Wes-Kaap, wat elkeen 'n spesifieke area en geestelike leier ondersteun.

Bergsig reik jaarliks uit na Msinga en ons werk weer saam met die NGK Suidpunt (Struisbaai) wat al baie jare werksaam is in die area. Die kerk dek 'n groot area in Msinga, maar ons spesifieke fokus is die bediening by Keate's Drift, wat so 30km noord van Greytown geleë is.

**Die doel van die uitreik is onder meer om:**

- ☑ 'n vakansie program vir die jong kinders en tieners aan te bied
- ☑ die volwasse vroue te bedien deur die fasilitering van 'n daaglikse vaardigheid werkswinkel
- ☑ die plaaslike leraar te ondersteun
- ☑ verhoudings met die gemeenskap te bou en ondersteuning te bied deur onder andere huisbesoeke en klereverkope
- ☑ herstelwerk en onderhoud te doen waar nodig
- ☑ die kinders van die kinderhuis te bedien
- ☑ enige iets anders wat die Here op ons harte plaas terwyl ons daar is














# 2 Korinthiërs 9:8



" EN *God* IS BY MAGTE
OM AAN JULLE ALLES IN
*oorvloed te skenk,*
SODAT JULLE IN ALLE OPSIGTE
ALTYD VAN ALLES GENOEG
KAN HÊ EN VOLOP KAN
BYDRA VIR ELKE GOEIE
WERK. "

# Mosambiek: *Evangelisasie*

**Oor Grense Heen**

**Bergsig Koördineerder:**

**Abrie Coetzee**
082 370 8489

ajcoetze@gmail.com



Sedert 1994 is NG Kerk Bergsig, In vennootskap met NG Kerk Helderberg, op verskeie gebiede betrokke in Mosambiek; aanvanklik deur die stuur van Suid-Afrikaanse sendelinge en tans deur ondersteuning en opleiding van pastore in die IRM, Igreja Reformada EM Mocambique (Sinode van die Gereformeerde Kerk in Mosambiek). Aan die einde van 2025 met ons Vader se Rigtingaanduiding en Genade het Stellenbosch Moedergemeente volledig toegetree tot die vennootskap.

Namate die IRM volwassenheid bereik het, het die tyd aangebreek om op eie bene te staan. Dit is in 2017 verwesenlik toe die IRM, in samewerking met die vennootskap, vir die eerste keer sy eie pastore na onbereikte Moslem-gebiede in die noordelike provinsies van Mosambiek uitgestuur het.

Die nuwe vennootskap is verantwoordelik vir die salarisse sowel as die bedienings-uitgawes van drie van dié pastore - pastoor Ganhali van Mavago gemeente, pastoor Cezar van Chiconono gemeente en pastoor Isilage van Lichinga gemeente. Hierdie gemeentes word bygestaan om doelmatige kerkgeboue op te rig en te onderhou. Deur gereelde, wedersydse kommunikasie ondersteun die vennootskap die pastore op pastorale en geestelike gebied. Tesame met die uitdaging van werk in die hoofsaaklik Moslem-kultuur, is daar malaria en elke denkbare tropiese siekte wat teengestaan moet word en steier hulle gereeld onder droogtes en jaarlikse siklone.  Die rebelle groep, Al-Shabab, wat verwoesting saai aan die Noordkus van Mosambiek  beweeg ook soms nader na die Niassa provinsie waar bostaande gemeentes geleë is.

Bergsig is verder ook verantwoordelik vir die salarisse van pastore Goliate, Cincoreis en Adolpho, in die Milange area.

Die bykans 90 Bergsig gemeentelede wat al saam was op ‘n Mosambiek uitreik, getuig van wonderlike geestelike belewenisse tydens besoeke aan die IRM, pastore en hul gemeentes.

Kontak ons gerus en word deel van God se werk in Noord-Mosambiek.







# Mosambiek: *Makwe*

**Oor Grense Heen**

## Bergsig Koördineerder:



### Bergsig ondersteun ook vir André en Anna-Marie Thiart in Quionga, naby die Ruvumarivier, wat die grens is tussen Mosambiek en Tanzanië.

Hulle is die afgelope 20 jaar betrokke by die bediening aan die Makwes – 'n unieke groep van ongeveer 30 000 inwoners in die streek (5 000 in Quionga). André is ook nou betrokke by ondersteuning van die pastore wat deur die IRM uitgestuur is.

'n Kleuterskoolbehoefte is geïdentifiseer as die beste metode van uitreik na die gemeenskap – deur die kinders na die ouers.  Moslem-ouers in daardie area het geen probleem om hul kinders na 'n Christenskool te stuur nie.

Bly asseblief bid vir die bedieningswerk wat hier deur André en Anna-Marie gedoen word. Finansiële ondersteuning is natuurlik ook deurgaans nodig.














# Duitsland: Operasie Mobilisasie

## *Menges-gesin*

**Oor Grense Heen**

**Bergsig Koördineerder:** **Christelle Bouwer** 083 309 0625 christelle@ebouwerandson.co.za



### Tobias en Sandra Menges woon in Korntal, Duitsland– naby Stuttgart.

Tobias is verantwoordelik vir die opleiding van Duitse sendelinge wat wêreldwyd werk. Sendelinge wat alreeds in die veld is, studeer deeltyds by Columbia International University, Korntal, om sodoende meer effektief in hulle diens te wees. Die kursus gee 'n kans om terug te staan, te reflekteer en nuut toegerus en gemotiveer te word vir dit waarvoor hulle geroep is.

Tobias is betrokke by die konsep-ontwerp, en lei die akademiese afdeling van die Bybelskool. Hy bied ook kursusse aan en begelei die studente in studieprojekte in hulle diens. Na-ure is hy 'n mentor/begeleier vir jonger mans, vlugtelinge en sendingleiers.

Sandra is 'n interkulturele lewensafrigter en spesialisberader in die hantering van krisisse. Sy begelei sendelinge wêreldwyd om hulle te help om op 'n emosioneel gesonde plek te bly sodat hulle meer effektief in hulle diens is. Sy lei ook mense wêreldwyd op om soortgelyke werk te kan doen. Hulle het drie volwasse dogters, elkeen met 'n hart vir die bediening van Jesus se liefde aan mense.

Operasie Mobilisasie het Tobias gesekondeer aan CIU Korntal. Sandra werk deeltyds vir OM en ander organisasies. Durbanville-Bergsig het die voorreg om ook op hierdie manier "… te gaan na alle nasies (Mat. 28:19) … tot aan die uithoeke van die wêreld." (Hand. 1:8).







# Oekraïne: *Volodya Brychuk*

**Oor Grense Heen**

**Bergsig Koördineerder:**

**Monique Tait**
082 920 4528

beadsinbloom@yahoo.com



**Bergsig is vanaf 2023 betrokke by pastoor Volodya Brychuk in Rivne, Oekraïne. Hy is getroud met Oksana, en hulle het 2 seuns en 2 dogters.**

Volodya is pastoor by 'n Baptiste gemeente in Rivne, 'n groot dorp in die weste van Oekraïne, en is ook daarmee saam Nasionale Direkteur van Mission Without Borders (wat fokus op die holistiese versorging – geestelik, emosioneel, medies, maatskaplik, materieel - van kinderhuiskinders, asook arm kinders en families in die gemeenskap).

Die oorlog in Oekraine het meegebring dat die helfte van sy gemeente, ook sy eie vrou en dogters met tye, na Pole gevlug het.

Baie families is deur die oorlog van mekaar geskei, baie moes alles agterlaat en te voet vlug. Diegene wat na Poland vlug, beweeg deur Rivne en word deur Volodya en sy gemeentelede emosioneel, geestelik en met kos en voorrade gehelp op hul pad.

Tussendeur fokus Volodya daarop om op allerlei maniere die evangelie aan sy gemeentelede, mense in die gemeenskap, en aan die vlugtelinge te verkondig. Bid asseblief vir hierdie mooi land en sy mense, en diegene soos Volodya wat volhard in hul diensbaarheid en die uitlewing van hul Christenskap in baie moeilike en lewensgevaarlike omstandighede.





# Oekraïne: The House of Prayer *to all Nations*

**Oor Grense Heen**

**Koördineerder:** **Bertie Smith**
La Rochelle Gemeente



**The House of Prayer to all Nations is 'n gemeente in Rakhiv, Wes-Oekraïne. Joseph en Olesia Todikash is sedert 2019 die voltydse bedieningspaar by die gemeente.**

Joseph het vir 'n hele klompie jare saam met Vadim, wat deur Bergsiggemeente ondersteun is, gewerk totdat hy gereed was om die gemeente oor te neem. Joseph en Olesia het 'n seun, Mark, en dogter, Esther.

Hulle is ook in die proses om die 3-jarige Lukas aan te neem. Lukas se ma was 'n enkelouer en na haar afsterwe is hy wees gelaat. Lukas noem Joseph en Olesia reeds pappa en mamma onderskeidelik. Hulle is baie geliefd in die gemeente en gemeenskap en verrig baie goeie werk.

**Bedieningsmodel**
Hierdie klein Protestantse gemeente in die middelpunt van Europa funksioneer reeds sedert die middel 1990's. In diverse godsdiensomstandighede is dit uiters belangrik vir gelowige Christene om hulle getuienis prakties uit te leef by wyse van 'n volgehoue Christelike leefstyl (leefstyl-evangelisasie) om so 'n verskil te maak en 'n bydrae te lewer tot die uitbreiding van God se koninkryk. Bo en behalwe hierdie leefstylbeginsel is daar ook 'n meer gestruktureerde bedieningswyse wat 'n geestelike tuiste bied vir Christengelowiges en nuwe bekeerlinge.





# Thailand: (Frontida Outreach) – Andre en Marina Olivier

**Oor Grense Heen**

**Bergsig Koördineerder :** **Lourens Olivier** 082 339 7728 lourensolivier0@gmail.com



**André en Marina Olivier is al meer as 10 jaar voltyds werksaam in Thailand. Hulle bedien in Pratchuap Khiri Khan Provinsie wat grens aan die Sentrale en Suidelike streke van Thailand.**

Hulle verkondig die Ware Evangelie van Jesus Christus aan onbereikte volke groepe in die Buddistiese geloofsgemeenskappe in hulle provinsie en wyer Thailand. Immoraliteit, prostitusie, mensehandel, afgod's aanbidding en geen wete of kennis van God is aan die orde van die dag.

Die bediening het al eksponensieel gegroei oor die afgelope meer as 10 jaar en die resultate en getuienisse van Heilige Gees se werking in 'n donker wêreld is niks anders as gelooflike nuus nie. Hulle staan tans in werksvennootskap met 'Hua Hin Full Gospel Church' wat ook alreeds 3 ander susterskerke geplant het. Daar word ook uitgereik na ander kerke in die provinsie om interaksie te hê in terme van dissipelmaking om ten einde die kleiner kerkies te help sodat Thai Christen gemeenskappe die ongelowiges meer effektief kan bedien.

**André en Marina se bediening bestaan uit:**

- Aanbied van dissipelmaking opleiding.
- Sending uitreike na wyer dele van Pratchuap Khiri Khan Provinsie.
- Ondersteuning aksies aan Thai Christene in terme van klein groepe, gebedsbediening, lof en aanbiddings aande, vertalingswerk van Christelike materiaal en barmhartigheid.
- Die uitleef van Christen waardes teenoor die onmiddelike gemeenskap, plaaslike rolspelers en gemeenskapleiers.
- Hantering van eredienste by verskeie kerke in die provinsie.

**Hulle kontakbesonderhede is :**
+66 95 048 6080 (Whatsapp)
e-pos: frontidaoutreach@gmail.com
en ook op Facebook – Frontida Outreach

**Pos adres:**
Chaikao Mountain Home,
100/219 Soi 6, Boh Fai,
Hua Hin Thailand 77110



# INcontext *International*

**Op Ons Voorstoep**

**Koördineerder:** **Pieter Potgieter** media@incontextinternational.org




**Lukas 12: 54-56: Jesus het ook vir die skare gesê: "As julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: 'Dit gaan reën!' en dit gebeur ook. [55]En as die suidewind waai, sê julle: 'Dit gaan warm word!' en dit word warm. [56]Huigelaars! Julle weet hoe om die voorkoms van die aarde en die lug te beoordeel. Hoe is dit dan dat julle nie weet hoe om hierdie tyd te beoordeel nie?"**

INcontext International kyk na wêreldgebeure vanuit 'n Bybelse konteks ter wille van strategiese sendingbetrokkenheid. M.a.w. wat is die Heilige Gees besig om nou in die wêreld te doen en hoe sluit ek aan daarby? As ons wil weet wat ons as gelowiges in hierdie tyd waarin ons leef moet doen, is dit dus belangrik om die tyd te verstaan waarin ons onsself bevind.

Die afgelope dekade het die wêreld drastiese veranderinge ondergaan, soos die oorlog in die Midde-Ooste wat die hele wêreld letterlik op sy kop gedraai het. Dis vanuit 'n wêreldse perspektief 'n tyd van chaos, maar vanuit 'n Bybelse konteks seker die opwindendste tyd wat die Kerk nog gesien het as dit kom by hoeveel Moslems tot bekering kom. Statistieke wys dat daar die afgelope 10 jaar meer Moslems tot bekering gekom het as die vorige 1 500 jaar! Ons vind ook iets van hierdie geestelike ontwaking in vele Hindoe- en Boeddhistiese lande. Ek onthou hoe ons die kerk in Bhoetan besoek het en daar 75 nuwe kerkleiers in die amp as predikant bevestig is tydens 'n byeenkoms. Almal van hulle was voorheen Boeddhiste of Hindoes en ook selfs priesters in daardie gelowe. Om met ons eie oë te kon sien hoe die eerste generasie gelowiges in Bhoetan te werk gaan om die evangelie te versprei onder die leiding van die Gees, was iets wonderliks. Lande soos Bhoetan wat voorheen totaal gesluit was vir die evangelie, is deur die Gees van God binnegedring met die Bybelse boodskap van hoop en vandag vind jy in daardie lande 'n gesonde kerk ten spyte van die vervolging wat daar plaasvind. Nepal, Bangladesj en Indonesië is net nog voorbeelde hiervan.

Konflik tussen Rusland en Oekraïne, en Israel en Gasa en Iran en Amerika laat dit voorkom asof die Here beheer verloor het, maar ons weet dat die Skrif vir ons sê dat Hy alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. Om dit te verstaan moet ons vra wat die Here van ons in hierdie seisoen verwag. Wie weet hoe hierdie seisoen verder sal ontvou? Die Here sal dit egter gebruik ten einde sy koninkryk nog verder te vestig voor Jesus se koms. INcontext help graag gelowiges om die seisoen waarin ons leef te identifiseer en te sien watter geleenthede daar is, sodat ons deel kan hê aan die verspreiding van die evangelie, veral onder diegene wat moeilik bereikbaar is met die Woord. Matteus 24:14 sê dan ook: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom."

# My Verbintenis

## Ng Gemeente Durbanville-Bergsig Geloofsgelofte-Offer-Projek

**Program Koördineerder:** **Magdalena Knoetze** 083 557 6075 mcknoetze@gmail.com



**U sal opmerk dat die uitreik vennootskappe onder "Op ons voorstoep" (binne gemeentegrense en in die Wes-Kaap-omgewing) en "Oor grense heen" (op die Afrika-kontinent en op ander kontinente) gerangskik is. Bogemelde reeks uitreik vennootskappe verteenwoordig 'n baie diverse reeks behoeftes wat aangepak word deur 'n fokus op Woordverkondiging, voedselvoorsiening, evangelisasie, bejaardes, jeug, gestremdes, weeskinders, opleiding, dienslewering, ens., ens.**

As u deur hierdie brosjure gelees het, sal dit goed wees as u sal bid dat die Here u duidelik moet lei om te weet waar en hoe u betrokke kan raak.

Indien u besluit dat u uself tot 'n finansiële bydrae wil verbind om iewers 'n verskil te help maak, maar onseker is tot watter breë kategorie of vennootskap, kan u slegs "GGO donasie" as verwysing gebruik. Indien u meer inligting verlang, is u ook baie welkom om te skakel met Bergsig se Uitreikbediening met Pieter Truter (021 976 4106 by uitbreiding 104) (uitreike@bergsigdv. co.za), of met die betrokke koördineerder of kontakpersoon, soos per vennootskap / instansie aangedui.

Verbind uself tot deelname aan Bergsig se Geloofsgelofte-offer-projek deur 'n beloftevorm in te vul, wat in die kerksentrum en aanlyn beskikbaar is, en lewer dit by die kerkkantoor in.

**Seën van die Here word u toegebid.**

**Ds. Leon Tait - Uitreike Leraar**



**Pieter Truter - Uitreike koördineerder**






# JULLE IS DIE LIG VIR DIE *wêreld*

Mat 5:14

durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers






# Snapscan

Snap here to pay

SnapScan

"V7 WANT HULLE IS OP REIS OM CHRISTUS TE VERKONDIG, ... V8 DIT IS DUS ONS PLIG OM SULKE MENSE TE ONDERHOU, SODAT ONS DAARDEUR ONS DEEL KAN BYDRA TOT DIE VERSPREIDING VAN DIE WAARHEID."

**3 Johannes**



# Besonderhede

## NGK Durbanville-Bergsig

**Straatadres**
H/v Boland- en Proteaweg
Durbanville 7551

**Posadres**
Posbus 479
Durbanville
7551

t 021 976 4106
f 021 976 9606
administrasie@bergsigdv.co.za
www.bergsigdv.co.za
Durbanville-Bergsig kerk - **Sy ligdraers**

**Bankbesonderhede**
ABSA
Tjekrekening
Rekeningno: 141 0590 154
Takkode: 334810

Verwysing: GGO

durbanville-bergsig
gemeente · sy ligdraers